Bylaag B

Formatted: Right

SINODALE TAAKSPAN REGTE

BEPALINGS

soos voorgelê aan die komende

Noordelike Sinodesitting in Oktober 2026

VOORWOORD

Jesus Christus is die enigste Here en Hoof van sy Kerk. Die kerk word regeer deur sy Woord en Gees en daarin maak die Here gebruik van die diens van mense waartoe Hy hulle roep. Jesus Christus wat die Hoof van die Kerk is en die Kerk direk regeer, is ‘n grondbeginsel vir die kerkreg. Die regering van Jesus Christus kan nie losgemaak word van sy nederigheid en diensbaarheid nie.

‘n Kerkorde met reglemente en bepalings is die produk van gelowige mense se nadenke oor die arbeid in die Kerk waartoe elkeen geroep is. ‘n Kerkorde is die produk wat op ‘n tydstip in die geskiedenis van die Kerk neerslag gevind het deur mense wat na die Woord geluister en onder die leiding van die Heilige Gees, ‘n orde van die arbeid van die Kerk in hulle tyd neergepen het. Die Kerkorde kan nooit afgesonderd van die verlede gelees word nie. Die insigte van die verlede werp steeds ‘n lig van kennis in die hede, wat die Kerk uitdaag om altyd nuut en met diensbaarheid te werk en te luister. ‘n Kerkorde is egter nie ‘n onveilbare dokument nie en moet elkeen altyd weer en weer luister na die Woord van die Here. Die Kerkorde wat geformuleer is sal telkens heroorweeg word en die belangrike vraag beantwoord of die Kerkorde inderdaad die orde van die Here vir sy Kerk, weergee.

Hierdie Kerkorde, reglemente en aanvullende bepalings is gefundeer in die Woord van God, die belydenisskrifte van die Kerk, sinodebesluite en gevestigde kerklike praktyk. Hierdie Noordelike Sinode Kerkorde wil nie in 'n rigiede voorskriftelike gees voorgehou word nie, maar eerder as hulpmiddel wat in kerkvergaderings en besluitnemingsprosesse, geloofwaardigheid en deursigtigheid bevorder, onderlinge gemeenskap versterk, goeie orde en regsekerheid verskaf, konsekwentheid en stabiliteit bou en billikheid en vertroue skep.

Die Kerkorde en reglemente is die kontrak wat gemeentes van die NG Kerk deur middel van sinodes met mekaar gemaak het oor die ordelike kanale waardeur die Woord van God sy vrye loop in en deur die hele NG Kerk moet neem. Dit bind ons as Noordelike Sinode moreel en kerkregtelik en kan nie eensydig deur kerkvergaderings verander of verontagsaam word nie.

Die bepalings in hierdie Kerkorde is aanvullend tot die artikels van die Kerkorde van die Algemene Sinode (2023) gemaak en het dit ten doel om rigtinggewend te wees en in die proses mekaar vas te hou as getuienis hoe ons as Kerk optree, hoe ons die beeld van die Here sigbaar maak ook in ons kerkregering.

Dankie aan elke lid van die Sinodale Taakspan Regte (STR) en elke ander rolspeler wat die uiteindelike publikasie van 2025-uitgawe van die Noordelike Sinode se

Kerkordeboek moontlik gemaak het. ‘n Besondere woord van dank aan ds SA Smuts vir die saamstel en tegniese versorging hiervan.

Ds Hannes Bezuidenhout (Aktuarius)

Noordelike Sinode 2025

Saamgestel deur die aktuarius in samewerking met die

Sinodale Taakspan Regte.

Sinodale Taakspan Regte: prok. Willie Hills , prok. Louina Marais, adv. Fanie Visser, adv Leon van der Merwe, adv. George Diamond, dr Bernice Serfontein, di. Nickey Hattingh, Erick Mulder, Johan Scholtz, André Smuts, Danie v Rensburg en Hannes Bezuidenhout.

Volledigheidshalwe word die artikels en reglemente van die Kerkorde van die Algemene Sinode in Oktober 2023, herhaal. Die verdere aanvullend bepalings wat slegs op die Noordelike Sinode van toepassing is, volg aan die einde van die Artikels ~~bepalings~~ van die Algemene Sinode en is in kursief gedruk en geblok.

Artikel 6

6.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:

6.1.1 geskiktheid vir die amp[1];

6.1.2 deeglike teologiese opleiding[2]; en

6.1.3 ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.

6.2 Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied op aanbeveling van die Algemene Kuratorium.

6.3 Die Algemene Kuratorium word saamgestel deur die Algemene Sinodale Moderamen aan die hand van die reglement van die Algemene Kuratorium en funksioneer volgens *Reglement 10 vir die Algemene Kuratorium*.

Bepalings 6.1 en 6.2 Die Kuratorium

Die funksionering van die Kuratorium vir die Teologiese Fakulteit Pretoria word gereël volgens die Reglement vir die Algemene Kuratorium en aanvullende besluite van die Gesamentlike Sinodale Kommissie van die vier ~~Transvaalse~~ sinodes (Noordelike Sinode, Oostelike Sinode, Hoëveld Sinode, Goudland Sinode) en word in 'n eie reglement vervat.

Artikel 8[3]

8.1 'n Predikant, diensleraar of standplaasleraar word vir diens aan 'n gemeente beroep deur die kerkraad van die gemeente, met approbasie deur die gemeente en goedkeuring deur die ring.

8.2 'n Predikant/diensleraar word vir diens aan die kerkverband deur 'n kerkvergadering of sy gevolmagtigde benoem, met approbasie deur die kerkverband en goedkeuring deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie.

8.3 Die bevestiging van 'n predikant, diensleraar of standplaasleraar vir diens aan 'n gemeente geskied nadat goedkeuring daartoe verleen is deur die ring of sy gevolmagtigde.

8.4 Die bevestiging van 'n predikant/diensleraar vir diens aan die kerkverband geskied nadat goedkeuring daartoe verleen is deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie.

8.5 Die bevestiging van 'n proponent geskied met handoplegging.

---

[1] Vergelyk *Reglement 10 vir die Opleiding en Legitimasie van Predikante, diensleraars en standplaasleraars* 4.1.1.

[2] Vergelyk *Reglement 10 vir die Opleiding en Legitimasie van Predikante, diensleraars en standplaasleraars* 4.1.2.

[3] Vergelyk *Reglement 12 vir die Beroep, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Predikant, Diensleraar en Standplaasleraar.*

8.6 ’n Predikant/diensleraar wat ’n beroep na ’n ander gemeente aangeneem het of ’n benoeming vir diens aan die kerkverband aanvaar het, ontvang ’n akte van demissie van die kerkvergadering in wie se diens gestaan is.

8.7 ’n Predikant, diensleraar of standplaasleraar wat emeriteer, ontvang ’n akte van emeritaat.

Bepaling 8.1 Wie beroepbaar is

8.1.1 Die ampsbevoegdheid (beroepbaarheid) van predikante en proponente word bepaal deur die Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante, Proponente, diensleraars, standplaasleraars en Emeriti (Reglement 11, AS Kerkorde, 2023).

8.1.2 Sodra ‘n kerkraad van ‘n gemeente begin met beroepingsgesprekke, moet die konsulent of ‘n aangewysde verteenwoordiger van die ring, betrokke wees, asook deel van die verdere beroepingsproses en enige ander gesprekke.

~~*8.1.2 Alle predikante en proponente van die familie van die NG Kerke wat nog nie die ouderdom van 65 jaar bereik het nie, is beroepbaar.*~~

~~*8.1.3 Emeriti jonger as 65 jaar wat kwalifiseer en in Kerkbode bekendgestel is.*~~

~~*8.1.4 Emeriti ouer as 65 jaar wat kwalifiseer aan die hand van die Reglement vir Vastetermynpredikantsposte (Reglement 16, AS Kerkorde, 2023).*~~

Bepaling 8.2 Predikante en leraars wat beroep kan word:

8.2.1 Die beroeping, bevestiging, demissie en emeritaat van Predikante word bepaal deur Reglement 12, AS Kerkorde, 2023.

8.2.2 Voltydse Predikant (Reglement 13, AS Kerkorde, 2023)

8.2.3 Deeltydse Predikant (Reglement 14, AS Kerkorde, 2023)

8.2.4 Tentmaker Predikant (Reglement 15, AS Kerkorde, 2023)

8.2.5 Vastetermynpredikantspos (Reglement 16, AS Kerkorde, 2023)

8.2.6 Predikant in ‘n Brugbedieningspos (Reglement 17, AS Kerkorde, 2023)

8.2.7 Standplaasleraars- en Diensleraarspos (Reglement 18, AS Kerkorde, 2023)

Bepaling 8.3 Bykomende vereistes by beroep deur die kerkraad

'n Beroep mag alleen uitgebring word

8.3.1 nadat die kerkraad op ‘n kerkraadsvergadering, besluit het om ‘n vakature te vul of ‘n pos te skep;

8.3.2 nadat die kerkraad die volgende skriftelik aan die ring/ringskommisie voorgelê het:

8.3.2.1 die besluit van die kerkraad om ‘n vakature te vul of pos te skep;

8.3.2.2 'n skriftelike bevestiging per besluit van die kerkraad dat daar aan Reglement 12 (Reglement vir beroeping, bevestiging, demissie en emeritaat van predikante) voldoen is en verder voldoen gaan word;

8.3.2.3 ‘n motivering van die noodsaaklikheid van die vulling van die vakature of die skep van ’n pos;

8.3.2.4 die verskillende opsies wat oorweeg is na aanleiding van Reglement 11, AS Kerkorde, 2023;

8.3.2.5 die finansiële volhoubaarheid van die pos, uitgespel deur die volgende aan die ring/ringskommissie voor te lê:

8.3.2.5.1 die begroting van die gemeente vir die huidige finansiële jaar;

8.3.2.5.2 die inkomste- en uitgawestaat van die jaar tot op datum;

8.3.2.5.3 die kontantvloeistaat tot op datum en vooruitskatting vir die res van die finansiële jaar;

8.3.2.5.4 Indien die aansoek aan die ring/ringskommissie voorgelê word met drie maande of minder van die finansiële jaar oor, word die finansiële dokumente (konsep state) vir die eerste 6 maande van die volgende jaar ook voorgelê;en

8.3.3 nadat die ring/ringskommissie skriftelik die advies van die moderatuur ingewin het.

Bepaling 8.4 Beëindiging van vorige en begin van nuwe verantwoordelikheid

8.4.1 Alle verpligtings van 'n gemeente of meerdere vergadering teenoor 'n predikant in diens, met insluiting van verlof en alle ander toelaes moet afgehandel wees by die datum van diensbeëindiging.

8.4.2 Die verantwoordelikheid van die gemeente of beroepende vergadering of benoemende meerdere vergadering begin op die datum soos uiteengesit in die Reglement vir beroeping, bevestiging, demissie en emeritaat. Reglement 12.9.2.6. AS Kerkorde, 2023~~19~~. Bevestiging moet binne een maand na die aanvaarding van die beroep plaasvind. Indien nie, moet die Kerkraad met die ring/ringskommissie oorleg pleeg deur die volledige versoek van die gemeente aan die skriba van die moderatuur te stuur.

Bepaling 8.5 Werk in 'n gemeente wat sinodaal of andersins ondersteun word

8.6.1 Waar in 'n bepaalde gemeente 'n buitengewone arbeidsterrein ontstaan wat te omvangryk is vir die gemeente om alleen te onderneem, kan die kerkraad by die ring/sinode om finansiële ondersteuning aansoek doen. Indien die aansoek goedgekeur word, word 'n ooreenkoms opgestel. In alle gevalle waar ondersteuning ontvang word, bly die kerkraad die werkgewer. Wanneer 'n vakature ontstaan, word die werk en die subsidie heroorweeg. Die arbeid kan oor die grense van een gemeente geskied, met inagneming van 'n spesifieke kategoriale bediening of in oorleg met die kerkrade van naburige gemeentes.

8.6.2 Sodanige werksaamheid[hede] kan ook deur meer as een gemeente gesamentlik of deur 'n ring[e] onderneem word.

8.6.3 Een of meer gemeentes kan ook 'n werksaamheid ondersteun wat nie deur een gemeente alleen behartig kan word nie. In so 'n geval benoem elke kerkraad drie persone om saam met die ander betrokke kerkrade 'n kommissie van pre-advies te vorm, wat 'n groslys van drie name aan die beroepende kerkraad voorlê. Verslag van werk ten opsigte van hierdie ondersteunde pos word aan die onderskeie ondersteunende gemeentes gelewer.

8.6.4 Die ring kan op dergelike wyse 'n werksaamheid ondersteun. In hierdie geval kry die ringskommissie opdrag om as kommissie van pre-advies op te tree om drie name vir die groslys aan die beroepende kerkraad voor te lê. Verslag van die werk ten opsigte van hierdie pos word dan aan die ring gelewer.

Bepaling 8.6 Werksaamhede buite gemeentegrense

Werksaamhede wat deur gemeentes buite hulle eie grense onderneem word – selfs buite die NG Kerkverband – en waarvoor 'n predikant beroep of benoem word, moet deur die Sinode of Sinodale Diensraad goedgekeur word.

Bepaling 8.7 Standplaasverwisseling

Standplaasverwisseling word hanteer volgens die betrokke besluite van die Algemene Sinode/sinode (Sien Reglement 8, Reglement vir die Algemene Taakspan Predikantesake 3.2.4; Reglement 11, Reglement vir die Bevoegdheid van Predikante , Diensleraars, standplaasleraars, Proponente en Emeriti 6.2.5; en Reglement 21, Reglement vir Bestuur van Diensverhoudinge by Ongeskiktheid en Onvermoë 2.3.2)

Bepaling 8.8 Leraar wat nie langer in 'n spesifieke plek kan arbei nie

Leraars wat vanweë siekte van hulleself of hul gesinslede of ander omstandighede nie meer op 'n spesifieke plek kan arbei nie, kan die Sinodale Diensraad met 'n gemotiveerde versoek nader om bekend gestel te word met die oog op 'n beroep.

Indien brugbediening oorweeg word, sien Reglement 17.

Artikel 18

Daar is vier kerkvergaderinge: kerkraad, ring, sinode en Algemene Sinode.

Bepaling 18.1 Ordereëls vir kerklike vergaderings

18.1.22 Telefoonvergaderings en elektroniese stemwyse of -vergaderings:

18.1.22.1 Virtuele ~~Telefoon~~ en elektroniese kerkvergaderings van die Noordelike Sinode is toelaatbaar vir die hantering van spoedeisende sake onder die volgende voorwaardes:

18.1.22.1.1 Elektroniese vergaderings is wanneer daar besluite per e-pos geneem word of wanneer daar elektroniese vergaderings (ZOOM; Microsoft Teams; ens.) plaasvind.

18.1.22.1.2 Die vereistes vir die virtuelevergadering ~~telefoonvergadering~~ is dieselfde as wat geld vir 'n gewone vergadering, onder andere ten opsigte van kennisgewing, agenda, kworum en besluitneming.

18.1.22.1.3 Die notule van so 'n vergadering word by die volgende vergadering voorgelê vir goedkeuring.

18.1.22.2 Die prosedure by elektroniese stemwyse is soos volg:

18.1.22.2.1 'n Verslag in verband met die saak waaroor die kerkvergadering 'n besluit(e) wil neem, word saamgestel. In die verslag word die sake waaroor en die manier waarop daar gestem moet word, duidelik aangedui.

18.1.22.2.2 Die verslag word elektronies aan al die lede van die vergadering versend.

18.1.22.2.3 Die elektroniese stemming se uitkoms is alleen geldig as die meerderheid van die lede hulle instemming met die voorstel wat vir stemming voorgelê is, betuig het.

18.1.22.2.4 Die notule van so 'n stemming word by die volgende vergadering van die kerkvergadering voorgelê vir goedkeuring.

18.1.22.2.5 Alle elektroniese vergaderings en die opname daarvan moet voldoen aan die vereistes van die Wet (nr. 4) op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) (2013). Waar geheime stemmings (soos by die verkiesing van kerkraadslede of beroeping) tydens 'n elektroniese vergadering benodig word, mag anonieme stelsel-stemmings gebruik word mits die voorsitter en skriba die integriteit daarvan kan verifieer.

Formatted: Not Highlight

Formatted: Not Highlight

3.2 Besondere bepalinge

3.2.1 Die kerkraad

Artikel 26

26.1 Elke gemeente het 'n kerkraad aan wie die opsig oor, die regering van en die tug en/of dissipline in die gemeente toevertrou is.

26.2 Die kerkraad bestaan uit al die predikante/diensleraars/standplaasleraars asook die ouderlinge en diakens[4].

Bepaling 26.8 Beëindiging van lidmaatskap

26.8.1 'n Persoon hou op om lidmaat van die gemeente te wees:

26.8.1.1 Wanneer hy/sy uit die gemeente vertrek, met dien verstande dat die lidmaat die keuse het om 'n lidmaat van 'n bepaalde ~~an die betrokke~~ gemeente te ~~bly~~wees.

26.8.1.2 Wanneer hy/sy met toestemming by 'n ander gemeente van die NG Kerk inskakel.

26.8.1.3 Wanneer hy/sy skriftelik bedank of versoek dat sy/haar lidmaatskap beëindig word.

26.8.1.4 Wanneer 'n persoon hom/haar, na ondersoek en volgens oordeel van die kerkraad, deur woord en daad van die gemeente afskei.

[4] Vergelyk *Nederlandse Geloofsbelydenis* Artikel 30. Die beginsel word gehandhaaf dat alle predikante, ouderlinge en diakens in die kerkraad (kerkraad en/of gedesentraliseerde kerkrade) moet dien (vergelyk artikels 26.2 en 27.1).

26.8.1.5 Wanneer gehandel word langs die weg van die kerklike tug wat uitloop op afsnyding van die gemeente.

26.8.2 In al die genoemde gevalle vind die administratiewe hantering plaas volgens die neergelegde bepalinge in die Argiefreglement.

26.8.3 Wanneer 'n persoon as lidmaat bedank (Bep. 26.8.1.3), is die bedanking van krag sodra dit deur die kerk ontvang is. In hierdie geval word die kerk geag die kerkkantoor of die voorsitter van die kerkraad te wees.

Artikel 31

Tot die werksaamhede van die ring hoort:

31.1 kerkvisitasie;

31.2 die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;

31.3 advies en hulp aan kerkrade;

31.4 die stigting van nuwe gemeentes of ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade en die reëling van gemeentelike grense[5];

31.5 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf op appèl voor die ringsvergadering gebring word;

31.6 die begeleiding van gemeentes waar die behoefte ontwikkel vir nuwe geloofsgemeenskappe binne die ringsgebied, of in samewerking met ander ringe;

31.7 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal;

31.8 die opsig, tug en/of dissipline oor alle ouderlinge, diakens, predikante, diens- en standplaasleraars wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (vergelyk artikel 62.2 van die *Kerkorde*);

31.9 die aanwys van konsulente;

31.10 die aanwys van 'n ringskommissie as sy gevolmagtigde wat tussen vergaderings van die ring sake van spoedeisende belang en ander opdragte van die ring behartig;

31.11 die toekenning van beperkte bevoegdheid op versoek van kerkrade (vergelyk artikel 48.3.5 van die *Kerkorde*).

Bepaling 31.3 Kerkvisitasie

31.3.1 Ten einde die ring in staat te stel om sy opdrag tot kerkvisitasie (Kerkorde artikel 31.1) uit te voer, word daar by elke gewone vergadering van die ring verslag gedoen deur die kommissie vir visitasie oor die algemene geestelike toestand van elke gemeente. Hierdie verslag moet 'n oorsigtelike en evaluerende beeld gee. Fynere besonderhede word nie verwag nie, maar wel duidelike positiewe en/of negatiewe tendense wat die aandag van die gemeente of ring verdien. Waar nodig moet vergelykings met vorige

Formatted: Border: Left: (Single solid line, Auto, 0,5 pt Line width, From text: 1 pt Border spacing:), Right: (Single solid line, Auto, 0,5 pt Line width, From text: 1 pt Border spacing:)

[5] Vergelyk *Reglement 27 vir Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes.*

jare getref word. Om hierdie verslag te kan opstel, kan die kommissie skriftelike verslae aanvra van elke kerkraad.

31.3.2 In die verslag van die visitasiekommissie aan die ring behoort, benewens spesifieke sake waaroor die ring telkens besluit, ook onder andere die gemeente se bedieningstrategie, finansiële beplanning, hantering van diensverhoudinge, gemeentebou, erediens, jeug, diens van barmhartigheid en sending/getuienis aandag te kry.

31.3.3 Die kommissie vir visitasie behoort toe te sien dat alle gelegitimeerdes in die verskillende gemeentes pastoraal versorg word. Wedersydse luister, bemoediging en gesamentlike strategiese onderskeiding tussen die Ring en die Kerkraad vorm deel van visitasie se taak. Die visitasiespan tree op as bedieningsvennote wat die plaaslike leierskap help om geleenthede en uitdagings te identifiseer.

31.3.4 Benewens die kerklike registers en state, fokus die visitasiegesprek ook op: Leraarswelstand, verhoudingsdinamika binne die leierskap en konkrete maniere waarop die breër kerkverband die gemeente met kundigheid en netwerke kan ondersteun.

Bepaling 31.5 Vervreemding van gemeentelike eiendom

31.5.1 Gemeentelike eiendomme, goedere en fondse word volledig deur die kerkraad geadministreer met jaarlikse verslag aan die ring (vgl. Reglement 24, AS Kerkorde, 2023 – Reglement vir Kerklike Goedere).

31.5.2 Gemeentes kan nie sonder gegronde redes van hulle eiendomme en goedere vervreem nie. Indien 'n kerkraad besluit om van sy vaste eiendomme te vervreem, geskied dit in~~na~~ oorleg met die ring/ringskommissie, met die goedkeuring van die Noordelike Sinode of sy gevolmagtigde. Met dien verstande dat die Universitas-Beginsel geld, naamlik dat eiendom aan die Nederduits-Gereformeerde Kerk behoort.

31.5.3. Die Noordelike Sinode besluit oor die aanwending van die opbrengs wat uit die verkoping kom.

Bepaling 31.6 Ander sake wat die ring behandel

Die ring neem verder alle sake in behandeling wat deur kerkrade binne die gebied deur lede van die ring en lidmate van die gemeentes op 'n behoorlike wyse aan die ring voorgelê word.

Artikel 33

33.1 Sinodes word op een van die volgende maniere, waaroor elke sinode self besluit, saamgestel:

33.1.1 uit een predikant/diensleraar/standplaasleraar en een kerkraadslid (ouderling/diaken) as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die sinodale gebied. Waar die pos vir

predikant/diensleraar/standplaasleraar vakant is, kan ’n ouderling/diaken in die plek van die predikant/diensleraar/standplaasleraar afgevaardig word; óf

33.1.2 as ’n gemeente meer as een pos vir predikant/diensleraar/standplaasleraar het, het die kerkraad die reg om meer predikante/diensleraars/standplaasleraars en nog een kerkraadslid (ouderling/diaken) vir elke bykomende predikant/diensleraar/standplaasleraar af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. Waar in sodanige gemeente ’n pos vir predikant/diensleraar/standplaasleraar vakant is, mag die kerkraad ’n kerkraadslid (ouderling/diaken) vir die vakante pos afvaardig; óf

33.1.3 ’n gelyke aantal predikante/diensleraars/standplaasleraars en kerkraadslede (ouderlinge/diakens) uit elke ring in die sinodale gebied. Die sinode besluit op die wyse van afvaardiging en die aantal afgevaardigdes per ring.

33.2 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur ’n NG dosent van die Teologiese Fakulteit Stellenbosch en/of die Teologiese Fakulteit Pretoria en/of die Teologiese Fakulteit Bloemfontein en/of Hugenote Kollege en/of NETS.

33.3 Vir elke afgevaardigde word ’n sekundus aangewys. ’n Kerkraadslid (ouderling/diaken) mag as sekundus vir ’n predikant/diensleraar/standplaasleraar optree.

33.4 Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees.

Bepaling 33.2 Konstituering

33.2.1 Die geloofsbriewe van afgevaardigdes, deur die voorsitter en skriba van die kerkraad namens die kerkraad onderteken, moet die skriba van die sinode minstens twee maande voor die bepaalde datum van die sitting bereik.

33.2.2 Die skriba stel die lys van afgevaardigdes uit die geloofsbriewe op en lê dit by die aanvang van die sitting skriftelik ter tafel.

33.2.3 By die konstituering stel die skriba ’n presensielys op.

33.2.4 Die presensielys word deurlopend op datum gehou.

33.2.5 ’n Kworum vir ’n sinodevergadering is twee derdes van die aantal afgevaardigdes.

33.2.6 Persone wie se name nie op die presensielys verskyn nie, mag nie aan die verrigtinge deelneem nie.

33.2.7 Die predikante in sinodale diens en diegene wat in ooreenstemming met art. 33.2 van die Kerkorde die teologiese opleiding verteenwoordig, het sitting met adviserende stem.

33.2.8 Die afgevaardigde predikant met die langste diens, wat die oudste in jare is, neem die leiding by die opening en konstituering van die sinode. Daarna lei die

uittredende moderatuur die vergadering aan die hand van die agenda wat deur die uittredende moderatuur opgestel is.

33.2.9 Tydens die sinode word 'n moderatuur saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:

33.2.9.1 Die moderator, assessor en aktuarius.

33.2.9.2 Twee addisionele lede.

33.2.9.3 Die ~~direkteur~~ hoof uitvoerende beampte van die Noordelike Sinode wat ampshalwe as skriba optree.

33.2.9.4 Adviserend: Die ~~saakgelastigde~~ voorsitter van die SKDBM van die sinode.

33.2.10 Nominasies word gedoen op 'n nominasievorm wat deur die uittredende moderatuur voorberei is en waarop die vereistes vir elke pos uiteengesit is. Voordat die groslys gefinaliseer kan word, moet elke genomineerde met sy/haar handtekening aandui dat hy/sy die nominasie en vereistes aanvaar.

33.2.10.1 Vir die pos van aktuarius kan die uittredende moderatuur minstens drie name van kandidate wat as geskik vir die pos beskou word, voorlê.

33.2.10.2 Geen persoon mag by meer as twee gewone vergaderings van die sinode vir dieselfde pos verkies word nie.

Artikel 35

Tot die taak en bevoegdhede van die sinode hoort:

35.1 die opstel en wysiging van bepalings en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die *Kerkorde* in stryd is nie;

35.2 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, met inagneming van Artikel 22 en daarom ook Artikel 26, 31 en 43 van die *Kerkorde*. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die sinode self bepaal;

35.3 die opleiding van predikante/diensleraars/standplaasleraars soos deur Artikel 6 van die *Kerkorde* bepaal;

35.4 die opbou van die nodige fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansiering van die Algemene Sinode volgens 'n aanvaarde formule;

35.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;

35.6 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode; en

35.7 die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode, op voorwaarde dat:

35.7.1 die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;

35.7.2 minstens twee derdes van 'n sinode ten gunste daarvan besluit;

35.7.3 minstens twee derdes van die kerkrade van ’n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;
35.7.4 dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied; en
35.7.5 dit nie as ’n wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenisgrondslag beskou word nie.

Bepaling 35.1 Die Sinodale Diensraad

35.1.1 Tydens die sinode word daar ’n Sinodale Diensraad (SDR) saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:

35.1.1.1 Die moderatuur. (Vgl Bep. 33.2.9)

35.1.1.2 Een predikant en een ouderling/diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe.

35.1.1.3 Die direkteur van die sinode wat ampshalwe as skriba optree.

35.1.1.4 Die saakgelastigde van die sinode.

35.1.2 Vakatures.

35.1.2.1 'n Ouderling/diaken op die SDR bly lid van die SDR solank hy/sy as kerkraadslid in die gemeente dien wat hom/haar na die sinode afgevaardig het.

35.1.2.2 ‘n Predikant bly op die SDR solank hy/sy predikant is van die gemeente wat hom/haar na die sinode afgevaardig het.

35.1.2.3 Wanneer 'n vakature ten opsigte van ringsverteenwoordigers ontstaan (primarius- en/of sekunduslede) vul die ringskommissie die vakature aan met verslag aan die skriba van die SDR.

35.1.2.4 Tydens die daaropvolgende SDR-vergadering word die aanwysing van nuwe verteenwoordigers bekragtig.

35.1.2.5 Indien daar ‘n vakature ontstaan by die afgevaardigde SDR-Lede van ‘n bepaalde ring, is die predikante van die Ringskommissie sekundi.

35.1.3 Die SDR vergader wanneer nodig.

35.1.4 Die Sinodale Diensraad (SDR)

35.1.4.1 keur die beleid en die begroting goed aan die hand van die kernwaardes, kernbesigheid en fokusareas;

35.1.4.2 fasiliteer gesprekke binne die verband oor relevante sake;

35.1.4.3 hanteer toelating tot die bediening, appèlle, herindeling van die ringe en die sinode se betrokkenheid by teologiese opleiding;

35.1.4.4 koördineer en inisieer, in oorleg met die ringe, die werksaamhede binne die fokusareas;

35.1.4.5 kontroleer die realisering van strategie en die bereiking van doelwitte met verslag aan die sinode; en

35.1.4.6 voer alles uit wat deur die sinode aan hom opgedra word om te hanteer tussen sinodes.

Bepaling 35.3 Verteenwoordigers

Persone wat die sinode in die volgende instansies verteenwoordig word soos volg aangewys:

35.3.1 Deur die sinode op aanbeveling van die Moderatuur:

35.3.1.1 Kuratorium Teologiese Fakulteit Pretoria: 4 lede met sekundi.

35.3.1.2 Kuratorium, Kieskollege en Proponentseksamenkommissie Stellenbosch: 1 lid met sekundus.

35.3.1.3 Kuratorium, Kieskollege en Proponentseksamenkommissie Bloemfontein: 1 lid met sekundus.

35.3.2 Deur die SDR op aanbeveling van die Moderatuur:

35.3.2.1 Die Gesamentlike Kommissie vir die Vier Sinodes (Noordelike Sinode, Oostelike Sinode, Hoëveld Sinode, Goudland Sinode)~~Transvaalse Sinodes~~ (GSK) (vgl. GSK-reglement).

35.3.2.2 Bybelgenootskap van Suid-Afrika;

35.3.2.3. Gesamentlike Sending Mosambiek;

35.3.2.4 TOIBO; en

35.3.2.5 SKDB Maatskappy.

35.3.3 Vakatures word deur die SDR aangevul op aanbeveling van die Moderatuur.

4.3 Die jeugbediening

Artikel 50

50.1 Die jeug as wesenlike deel van die gemeente is die verantwoordelikheid van die kerkraad en breër kerkverband.

50.2 Die bediening aan die jeug as verbondsjeug is ’n geïntegreerde deel van die omvattende gemeentelike bediening waarin God deur sy Woord tot die jeug kom deur verkondiging, onderrig, toerusting, herderlike sorg en dienswerk. Hierdie gemeentelike bediening geskied onder die leiding van die ampte aan en deur die jeug.

50.3 Die kinders van die gemeente, asook alle buitekerklikes wat lidmate van die gemeente wil word, moet begelei word in ‘n lewe van dissipelskap, waar geloof gevorm en ondersteun word en waar onderrig in die Woord van God en die leer van die kerk geskied. Hierdie bediening geskied met die oog op geloofsvolwassenheid en dissipelskap.

Bepaling 50.1 Kinderbeskerming

Kerkrade is verantwoordelik daarvoor om te verseker dat alle ampsdraers, kategese-aanbieders en vrywilligers wat in die jeugbediening dien, bewus is van die kerk se riglyne rakende kinderbeskerming. Waar die aard van die bediening dit vereis, moet kerkrade toesien dat hierdie persone teen die Nasionale Kinderbeskermingsregister (soos vereis deur Wet 38 van 2005) nagegaan word.

Formatted: Font: 14 pt, Bold

Formatted: Font: 14 pt, Bold

Formatted: Border: Box: (Single solid line, Auto, 0,5 pt Line width)

Formatted: Font: Times New Roman, 13 pt, Italic

4.10 Rentmeesterskap

Artikel 57[6]

Elke kerkvergadering maak die nodige voorsiening vir die sorgvuldige beheer van die stoflike aangeleenthede van die kerk en doen jaarliks verslag van sy rentmeesterskap aan die gemeente, ring, sinode of Algemene Sinode, soos die geval mag wees.

Let wel: *Bepalings 57.1 – 57.3 moet saam met die Reglement vir Kerklike Goedere (Reglement 24, AS Kerkorde, 2023) gelees word.*

Bepaling 57.1 Gemeentelike eiendomme, goedere en fondse

57.1.1 Die kerkraad is verplig om sy verantwoordelikhede in verband met rings- en sinodale werksaamhede na te kom.

57.1.2 Die kerkraad mag geen fondse van watter aard ook al anders hanteer as deur die kerkraad se boekhoustelsel wat opgestel en bedryf word volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels nie.

57.1.3 Die kerkraad moet jaarliks aan die einde van die finansiële boekjaar, wat strek van 1 Maart tot 28 Februarie, 'n oorsig oor die gemeentelike finansies en die begroting vir die volgende boekjaar op die voorgeskrewe vorm vir voorlegging aan die ring gereed maak. Hierdie state moet deur die voorsitter en skriba van die kerkraad onderteken word en moet daarbenewens gesertifiseer word deur 'n ouditeur (CA) of kommersiële en finansiële rekenmeester (CSA, CFA of CMA) wat kragtens artikel 60(2) van die ~~Wet op Beslote Korporasies van 1984~~Maatskappywet van 2008 (Wet nr. ~~69~~ 71 van ~~1984~~2008) geregistreer is.

[6] Hierdie *Artikel* moet saam gelees word met *Reglement 24 vir Kerklike Goedere.*